Maandag 14 September

Skrifgedeelte Hebreërs 3:7-19 (AFR83)

Fokusgedeelte: Hebreërs 3:8, 9

## Om God se geduld op die proef te stel en die rus te mis

’n Mens skrik wanneer jy hierdie Skrifgedeelte lees! Dit sê immers: *Pasop!* Daar kan by van ons medegelowiges ’n verkeerde gesindheid, letterlik ’n *bose hart vol ongeloof posvat*, sodat só iemand van die lewende God afvallig word (vs. 12)! Daar kan enkelinge uit die gemeente êrens langs die pad agter raak … en uitval en terugdraai – mense met dieselfde belydenis, dieselfde geloof, dieselfde oortuigings, mense wat al jare lank saam op die kerkbanke sit!

Dié Skrifgedeelte is duidelik ’n herinnering aan die gebeure by Mara, Massa en Meriba (Eks. 15, 17) – die plekke waar Israel in opstand teen God gekom het, gekerm en gekla het oor hulle omstandighede en só God op die proef gestel het. In hulle nood het hulle verwyt: *"Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?"* Hulle het begin terugverlang na die vleispotte, al is dit in Egipte! Mens is mos maar geneig om die slegte dinge wat was, te vergeet as jy vorentoe swaarkry!

Hulle wou omdraai … terugdraai na die slawehuis! En … terugdraai is ongeloof! Dit is die kern van alle sonde, sê ons teks – ongeloof! Dit is die sonde *agter* die sonde! Want ongeloof maak dat jy jouself geleidelik losmaak van God en sy genade. Ongeloof maak dat jy terugverlang, wil terugdraai na jou eie gemaksones en jou selfontwerpte geluksplan. Ten diepste is dit ’n keuse teen God, ’n keuse téén sy beloftewoord van geluk(saligheid) in en deur Jesus Christus … terug na "Egipte", dus enige plek waar jy dink jy meer (iets beters) van jou lewe kan maak as God! Dis om te dink dat jy self "god" kan speel en weet wat die beste vir jou is. En dis ’n vertrapping van sy eer!

Wat sê die Here God oor hierdie opstandige, klaende volk? Hy het in sy toorn ’n eed afgelê: *In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie* (3:11).

Begeer jy hierdie rus? Dit is nog nie te laat nie! Daar is nog ’n *vandag*, daar is nog ’n geskikte kans, ’n gulde geleentheid! Môre mag dalk te laat wees! *Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.*

*Sing Psalm 42-1:1*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*